May/Mei 2022 | vol 15

#INTEGRITASZA MONTHLY

INSPIRE AND INNOVATE/INSPIREER EN INNOVEER

CIVINOVUS NPC



#integritasza THE MOVEMENT

Hoekom – Doel
Integriteit is waardigheid en skep welvaart

Hoe – Proses
Legitiem, verantwoordbaar, en inklusief

Wat – Uitkoms
Skep bewustheid van die waarde van integriteit, help beter keuses maak, en bou vertroue

Waardigheid is die toestand of kwaliteit om eer of respek waardig te wees.

Ds. George Rauch praat oor integriteit

Integriteit is 'n woord wat vandag gemaklik gebruik word sonder dat die algemeen aanvaarde betekenis daarvan regtig bedoel word. Die Latynse woord "integer" beteken "heel" of "voltooid." Etimologies beteken "integriteit" dus "onverdeelde of ongebroke heelheid."

Om na iemand of 'n instansie te verwys as een met integriteit wys op konsekwentheid van oortuigings, optrede en "teenwoordigheid."

Miskien het die tydsgees ons al só gekondisioneer dat ons nie werklik sodanige konsekwentheid verwag nie. Ons neem gewoon 'n laissez faire houding in van "ons sal maar sien." En net daar word ons deel van die sistemiese aftakeling van integriteit in ons samelewing.

Ons (soms selfs lakoniese) verwysing na onbetroubare openbare figure en gemeenskapsleiers versterk die idee dat 'n gebrek aan integriteit deel is van die alledaagse en daarom aanvaar moet word.

Integriteit is 'n absolute voorvereiste vir selfvertroue. Selfvertroue verwys nie na 'n sterk persoonlikheid, openbare selfversekerdheid en selfgelding nie. Iemand besit selfvertroue wanneer hy/sy sigself kan vertrou om konsekwent met die geringste tot die grootste take en oortuigings om te gaan. Wanneer jou "sê" en "doen" dieselfde is, is daar integriteit.

Daar is só baie goeie mense met mooi karaktereienskappe wat hulself eenvoudig nie vertrou om die regte besluite te maak en uit te voer nie. Dis asof hulle hulself verskans agter 'n "introvert-gordyn" van onsekerheid.

Integriteit vra moed. Ons praat van "die moed van jou oortuiging" hê. Uiteindelik gaan dit oor die moed om jou eie "sê" en "doen" met konsekwentheid te laat korreleer. Dis makliker om oortuig te wees van iets as om by daardie oortuiging te staan te midde van aanvalle, kritiek, relativering en bespotting.

Natuurlik eis die post-moderne samelewing 'n "versnit" van oortuigings wat "almal" akkomodeer. Dit verdiskonteer sigself veral op die terrein van argwaan t.o.v. enigiets wat moontlik na fundamentalisme kan lyk of ruik. Die probleem is egter dat hierdie beweging uiteindelik die bou en groei van integriteit ondermyn.

Integriteit is nie die handhawing van ou, dalk uitgediende idees of tradisies nie. Dit is 'n wekroep tot verantwoordelike en toepaslike besluitneming en konsekwente uitvoering daarvan vandag.



Emeritus predikant NG Kerk
* Entrepreneur in sekulêre wêreld
* Vervaardiger eksotiese kandelare
* Fasilitering in verhoudingsbestuur

#integritasZA THE MOVEMENT

This is a membership-based movement. If you joined already, remember to pay your membership fee. / Dit is 'n lidmaatskapgebaseerde bewering. As jy reeds aangesluit het, onthou om jou lidmaatskap te betaal.

Membership of #integritasza helps support integrity. It will give you an electronic monthly Newsletter and quarterly Compassionate Confronter. Both publications are open for participation. We also want to commemorate the legacy of our colleague, Ulrike Hanekom, through the advancement of integrity.

Membership involves completion of an application form, R10.00 per month or R120.00 per year and/or a contribution of your choice.

Send an email to Raymond Cloete at raymond@civinovusco.za for the application form and/or contact Werner Schwella on 083 591 6691



Purpose
Integrity is dignity and creates prosperity

Process
Legitimate, accountable, and inclusive

Outcome

Create awareness of the value of integrity, help make better choices, and build trust

Join the #integritasza movement and help us make a difference. Renew your membership or join. Contact Raymond Cloete at raymond@civinovusco.za and/or Werner Schwella on 083 591 6691

Dignity is the state or quality of being worthy of honour or respect.

Lidmaatskap van #integritasza help om integriteit te bevorder. Dit sal vir jou 'n elektroniese maandelikse Nuusbrief en driemaandelikse Compassionate Confronter gee. Beide publikasies is oop vir deelname. Ons wil die nagedagtenis van ons kollega, Ulrike Hanekom, deur die bevordering van integriteit herdenk.

Lidmaatskap behels voltooiing van 'n aansoekvorm, R10.00 per maand of R120.00 per jaar en/of 'n bydrae van jou keuse.

Stuur 'n e-pos aan Raymond Cloete by raymond@civinovusco.za vir die lidmaatskapvormen/of kontak vir Werner Schwella op 083 591 6691



Doel
Integriteit is waardigheid en skep welvaart

Proses
Legitiem, verantwoordbaar, en inklusief

Uitkoms

Skep bewustheid van die waarde van integriteit, help beter keuses maak, en bou vertroue

Raak deel van die #integritasza beweging en help ons om 'n verskil te maak. Hernu jou lidmaatskap of sluit aan. Kontak vir Raymond Cloete by raymond@civinovus.co.za en/of Werner Schwella op 083 591 6691

Waardigheid is die toestand of kwaliteit om eer of respek waardig te wees.

Advertise here for R350 per month.